Metgeselle op 'n pelgrimsreis

Chris van Wyk

Seisoen van luister

As deel van die Seisoen van Luister in die NG Kerk is ons besig om met John Ackerman (*Listening to God*) saam te werk aan 'n nuwe boek in geestelike begeleiding, voorlopig getitel: *Staying in Touch – Living freely and lightly*, wat in 2008 in Afrikaans en Engels sal verskyn. Twee groepe in die gemeente van Somerstrand het so pas die eerste toetsfase voltooi.

Die boek fokus op die begeleiding van gelowiges om God se stem in hulle daaglikse lewe te hoor. Hulle word begelei om te luister na mekaar se "sacred stories", verhale van betekenis uit die verlede waar God se nabyheid, teenwoordigheid en voorsiening besonders was. Beproefde luistertegnieke word gebruik, soos *lectio divina* en die *daily examen*. Ook nuwe luistertegnieke word aangeleer, soos ons kerk se eie *luistersiklus* (rus, hoor, leef) en *Stop-Look-Listen* (Ackerman). En die weeklikse terugvoer word binne 'n narratiewe aanpak vertolk met drie basiese vrae: "Wat het gebeur? Watter betekenis het dit? Wat is die geestelike impak daarvan?"

In die ontwerp van hierdie *Kruisgewys* se artikels rondom die onderwerp van pastoraat in missionale of gestuurde gemeentes, het dit my getref hoe goed hierdie geestelike begeleidingsproses inpas in 'n missionale verstaan van pastoraat. Om die waarheid te sê, ek het besef dat vir dié 13 mense wat ingeskakel het oor die afgelope ses weke, die geestelike begeleiding juis gefunksioneer het as pastorale versorging.

Op een vlak was die pastorale ervaring van die lidmate verbind aan hulle eie persoonlike reis met God (opmerkings geplaas met hulle toestemming):

- "Ek was soos 'n geslote boek. Hier het ek geleer dat goeie vriende vir mekaar dinge kan vertel wat saak maak."
- "Die daaglikse bestekopname in my stiltetyd was 'n poort na my verlede toe! Ek het besef dat die verlede nooit heeltemal begrawe kan word nie. Deurdat ek daaroor kon praat en daaroor kon reflekteer, dit ook met die groep kon deel, kon ek daarmee vrede maak."
- "Ek het God se unieke manier waarop Hy met my praat, leer ontdek. Ek is opgewonde oor die pad vorentoe saam met Hom."

Op 'n ander vlak was die pastorale ervaring van die lidmate sterk verbind aan hulle interaksie met mense, veral hulle familie, maar ook spesifiek in die werksplek, dit wil sê die begin van geestelike begeleiding op hulle pelgrimsreis in die gemeenskap:

- "Ek het geleer om liefde te gee en te ontvang."
- "In 'n baie gespanne 'rasse'-situasie by die werk, lei die Here my in my stilword na 'n teks (1 Pet 2:11-18) wat my met respek en eerbied laat optree het. Dit help my om my vrede te behou, ten spyte van konflikterende emosies."

Dit was asof die weeklikse luister en geestelike begeleiding 'n stasie op hulle reis deur die wêreld geword het, waar hulle tot **rus** kon kom, saam met gelowiges kon **hoor** en reflekteer oor God se teenwoordigheid in hulle lewe, om dan met nuwe oortuiging in die gemeenskap te gaan **leef**. En vir my as pastor het dit presies dieselfde betekenis begin kry – ek het 'n metgesel op *ons* pelgrimstog geword!

Hiermee dan my eerste rondte refleksie oor geestelike begeleiding van lidmate in 'n gestuurde gemeente.

Spiritualiteit van plek

Die kerkgebou was nog altyd 'n baie belangrike verwysingspunt vir gereformeerde spiritualiteit in ons land. John Ackerman noem dit 'n *spiritualiteit van plek*.

Naas die beroeping van 'n predikant, was die belangrikste punt op die agenda van 'n

nuwe gemeente gewoonlik die kerkbouprojek. Die veronderstelling was dat 'n plek, 'n gebou, noodsaaklik is om God te kan aanbid. Die oprig van 'n kerkgebou was en is gevolglik een van die belangrikste dryfvere en fokuspunte van bediening in gemeentes se stories. Geen wonder nie dat daar 'n kerkgebou, gewoonlik met 'n toring wat jy van wie weet waar af kan sien, in omtrent elke dorpie in ons land is! Dit is immers waar jy God kan ontmoet. Die kerkgebou is sy plek, sy "huis".

Die gemeentebou-strategieë van die laaste twee dekades van die 20ste eeu het aan hierdie sentrale geestelike verwysingspunt wat die kerkgebou verskaf, min verander. Saam met die klem op 'n teologie van opbou en uitbou, was daar ook meesal die onuitgesproke veronderstelling dat gemeentebou vanaf en rondom die kerkgebou moes plaasvind.

Pastoraat in só 'n opset was dus vanselfsprekend iets wat ook gesentreer het rondom die kerkgebou. Pastorale versorging was primêr gerig op die lidmate van die gemeente wat in die kerkgebou bymekaar gekom het. Die interessante is dat dié tipe verstaan van pastoraat, binne 'n spiritualiteit van plek, ook die huise van die lidmate ingesluit het. Huisbesoek was dus die primêre manier om lidmate geestelik te begelei en pastoraal te versorg.

Sukses in geestelike begeleiding en pastorale versorging is gevolglik gemeet aan beide die bywoning van die erediens in die kerkgebou aan die een kant, en aan die aantal huisgesinne of besoekpunte wat die predikant in 'n gegewe jaar besoek het aan die ander kant.

Spiritualiteit van die pelgrimsreis

'n *Spiritualiteit van pelgrims op reis* is egter besig om hierdie spiritualiteit van plek uit te daag. Die sosioloog Robert Wuthnow noem dit 'n "seeking spirituality".

Hierdie uitdaging is nie net die gevolg van die vinnige ineenstorting van die Christendom-paradigma in die Weste, waar gewerk is met die "Konstantynse model" van die gebou as die plek waar "kerk" gebeur nie.

Dit is ook nie net die gevolg van die demokratiseringsproses wat die ideaal van die sekulêre staat hoog aanslaan en 'n publieke Christelike moraal bedreig nie.

Dit is veral die herontdekking van die teologie van die *missio Dei* (onder andere David Bosch op voetspoor van die missioloog Hartenstein) wat 'n herwaardering van 'n reis-spiritualiteit bring. Dié nuwe bewussyn stuur ons kerkbegrip weg van die gebou as die plek waar "kerk" gebeur. Dit vervang dit met 'n kerkbegrip wat aangegryp word deur die bewussyn van 'n God wat grense na die wêreld en sy mense toe oorsteek en hulle – soos pelgrims – uitnooi op die reis na ander toe.

Die verhaal van die ontmoeting van Jesus met die Samaritaanse vrou by die fontein van Jakob is 'n uitstekende illustrasie van hierdie skuif in spiritualiteit. Op sy reis deur Samaria steek Jesus nie net die kultuurgrens na die Samaritane en die *gender*-grens na 'n vrou toe oor nie. Sáám steek hulle die grens oor van 'n "spiritualiteit van plek" (Samaria en Jerusalem as verdelende aanbiddingsplekke) na 'n "spiritualiteit van 'n pelgrimsreis" toe.

"… daar kom 'n tyd, wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie … daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid" (Joh 4:21-23). Met 'n nuwe vrymoedigheid danksy hierdie reis-spiritualiteit, kom die vrou weer tuis in die dorpsgemeenskap waarin sy verstoot was. Buite die dorp ontmoet die mense saam met haar vir Jesus. Só word hulle deel van die nuwe gemeenskap wat Jesus skep. As Hy twee dae lank daar saam met hulle vertoef, word die gemeenskap as't ware weer teruggedra na die dorpie toe – 'n geval van ware gemeenskapstransformasie!

Pastoraat word geestelike begeleiding

Só 'n verstaan van spiritualiteit het 'n groot effek op ons denke oor pastoraat.

In plaas daarvan om pastorale versorging primêr as geografiese en plekgebonde huisbesoek te verstaan, skuif ons denke hiermee in die rigting van die geestelike begeleiding van mense op 'n reis – 'n pelgrimstog in die gemeenskap waar hulle werk en lewe.

Die volgende vertrekpunte raak vir só 'n geestelike begeleidingsproses belangrik:

- Gestuurde gelowiges word geroep om die evangelie van Jesus Christus hoofsaaklik binne die lewensruimte van die omringende kultuurkonteks uit te leef, en nie in die eerste plek binne die vier mure van 'n kerkgebou of 'n erediens nie.
- Gestuurde gelowiges waak daarteen om nie 'n eksklusiewe eiland in die see van ongeloof in die wêreld te word nie, maar om juis toe te laat dat God hulle die wêreld instuur op die *missio Dei*.
- Gestuurde gelowiges dink nie oor kultuur as wesenlik Christelik of nie-Christelik nie, maar slegs as die konteks waarbinne gestuurdheid uitgeleef word.

- Gestuurde gelowiges doen afstand van die gedagte dat die kerkgebou die sentrale plek in 'n gemeente moet inneem en die doel van ons betrokkenheid in die gemeenskap is om mense na die kerkgebou terug te lei.
- Gestuurde gelowiges se identiteit is gewortel in wat ná die erediens gebeur in interaksie met die gemeenskap, en nie in die eerste plek in wat in die erediens alleen gebeur nie.

Hierdie geestelike begeleiding kan dus ook nie meer net die verantwoordelikheid van die pastor en die ampte wees nie, maar is die verantwoordelikheid van elke lidmaat. En die lidmate kan ook nie meer die primêre fokus van die begeleiding wees nie, maar eerder die interaksie met mense in die gemeenskap.

Die gemeenskap as metgeselle op die pelgrimsreis

Daarom is die rigtinggewende idee in 'n gestuurde teologie om grense oor te steek: "Go local, go neighbourhood!" (vgl Roxbury e.a. by *Allelon* [Griekse woord vir "mekaar"] se webtuiste www.allelon.org).

Die konsensus by die Lausanne-konferensie (2004) was dat mense primêr via sinvolle verhoudings tot geloof kom. Om die waarheid te sê: Lewensverandering (bekerings) gebeur méér deur verhoudings as deur die gekombineerde invloed van die media, veldtogte, persoonlike getuienisse en kruis-kulturele sendelinge tesame! Navorsers beweer dat byna 90% van alle Christene tot geloof kom deur die invloed van familie en vriende – tipies binne 'n uitgebreide familie of huishouding.

Geestelike begeleiding moet mense dus help om in hulle plaaslike omstandighede, *binne die gemeenskap*, die Woord se impak in hulle lewe te vertolk (*kerugma*), gemeenskap te skep (*koinonia*) en hulle aan te spoor tot diens in die wêreld (*diakonia* en *marturia*). Tradisioneel was dit deel van wat onder pastoraat verstaan was, maar dis dinge wat nou binne en in interaksie met die gemeenskap gestalte moet kry. Die gemeenskap is dus nou metgeselle op die pelgrimsreis.

Daarom dat Dave Dunbar *gasvryheid* as die nuwe missionale pastoraatsmodel voorstel (*Missional Journal* September 2007 by http://www.biblical.edu/pages/resources/missional-journal.html). In die verhaal van Jesus en die Samaritaanse vrou is dit juis hierdie gasvrye "oor-grense-heen" verhouding wat ruimte skep vir lewensverandering. In 'n toenemend diverse en gefragmenteerde Westerse samelewing, is gasvryheid moontlik die enigste manier om mense uit die gemeenskap tot metgeselle op ons pelgrimsreis uit te nooi.

Dit beteken dat ons moet *afstand doen van die drang om mense te bekeer deur hulle die evangelie te leer, en hulle eerder aan die goeie nuus bekendstel, onder andere deur dit met ons lewe te modelleer*.

Jim Johnstone van *Church Innovations* beskryf dit as 'n beweging van "instruct" na "introduce". Hy maak die punt dat ons soms 'n beter begrip het van *wat* ons glo as van *in Wie* ons glo! Dit is egter nie so belangrik dat ons mense leer wat ons weet van die evangelie nie. Ons moet hulle eerder bekend stel aan die Een vir Wie ons ken. En dit kan net in 'n gasvrye omgewing gebeur, rondom 'n ete, langs die rugbyveld of by 'n werksfunksie.

'Ons kan nie wag nie ...'

Geestelike begeleiding het baie goed gewerk as 'n pastorale versorgingsmodel deur lidmate wat by ons proses ingeskakel het. Dit kan nog méér doelgerig gestruktureer word om die lidmate in hulle eie *missio Dei* in die gemeenskap te begelei. Maar geestelike begeleiding sal eers regtig missionaal word as mense uit die gemeenskap ons metgeselle word, amper soos wat met die baie bekende *Alpha*-kursus gebeur. "Ons kan nie wag vir die volgende rondte nie …"

* ***Chris van Wyk*** *is een van die predikante van die NG Gemeente Somerstrand in Port Elizabeth en moderator van die sinode van Oos-Kaapland. Hy is skriba van die Gemeentedienste Netwerk, www.gemeentes.co.za, en medeskrywer van die eerste twee Seisoen van Luister-produkte:* God Praat – Leef Luisterryk: vir groepe/vir begeleiers *by Bybel-Media.*

Dit beteken dat ons moet afstand doen van die drang om mense te bekeer deur hulle die evangelie te leer, en hulle eerder aan die goeie nuus bekendstel, onder andere deur dit met ons lewe te modelleer.